higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 2

(7601042)

1 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

002Q2N2301

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
(IKT-KOMPONENT)
(Tweede vraestel)
NKR VLAK 2
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees en beantwoord al die vrae sorgvuldig.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme vir ELKE vraag en sluit alle DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG in.

4. Die tyd wat vir hierdie vraestel toegeken is, sluit lees- en druktyd in.

5. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui is, is bloot 'n riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

6. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie.

7. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

8. Die speltoetser mag gebruik word. Sakrekenaars mag NIE gebruik word nie.

9. Jou EKSAMENNOMMER en die SENTRUMNOMMER moet op die voorblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die weergawe van die sagteware wat gebruik is, moet aan die bokant van die omslag geskryf word (bv., MS Office 2016).

10. Verseker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER toon soos aangedui is.

11. 'n Geskrewe EKSAMENNOMMER sal NIE aanvaar word nie.

Kopiereg voorbehou

12. Punte sal nie vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER en konsekwente WATERMERK toegeken word nie.

13. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel in die EKSAMENOMSLAG gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingelewer word.

14. Elke antwoord moet SLEGS op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 25 Minute

Die menslike brein beheer alles wat ons doen, ons denke, gevoelens en bewegings. Die brein sorteer en liasseer inligting elke sekonde van ons lewens en sluit die ontvang en versending van inligting in. Ons brein werk dus die hele tyd.

1.1 Gebruik Microsoft Word om die dokument soos op die volgende bladsy aangedui is, in te sleutel. (7)

1.2 As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 1 regsbelyn in. (3)

1.3 Gebruik lettertipe Times New Roman, grootte 12. (2)

1.4 Redigeer die opskrif na bokas, vetdruk en dubbele onderstreping. (3)

1.5 Laat TWEE reëls na die opskrif oop. (1)

1.6 Redigeer die tweede paragraaf na kursief en regsbelyn. (2)

1.7 Gebruik portretoriëntasie vir die dokument. (1)

1.8 Stoor die dokument as VRAAG 1 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.9 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsye en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Lettertipe: Times New Roman, grootte 12.

Opskrif: B/K, vetdruk en dubbele onderstreping

DIE MENSLIKE BREIN

Laat 2 reëls oop

2de Paragraaf: Kursief, R/B

Die menslike brein is die belangrikste orgaan in die senuweestelsel. Dit is in 'n mens se kop en word in die skedel beskerm.

Die brein ontvang seine van die buitewêreld en stuur boodskappe na die verskillende dele van die liggaam sodat dit diensooreenkomstig reageer.

Het jy al ooit gewonder waarom ons asemhaal sonder dat ons dit besef? Waarom ons die pad skool toe onthou sonder om daaraan te dink? Waarom ons oë knip sonder dat ons daaraan dink? Waar kom drome vandaan? Ons brein is in beheer van die koördinering van alle noodsaaklike funksies van ons liggaam en maak sin van alles wat rondom ons gebeur.

EKSAMENNOMMER VRAAG 1

Voeg voetskrif in

VRAAG 2 **25 Minute**

Maak die dokument oop wat jy as VRAAG 1 gestoor het en redigeer dit volgens die instruksies hier onder:

2.1 Verander die vraagnommer in die voetskrif na VRAAG 2. (1)

2.2 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na Broadway, grootte 18. (2)

2.3 Sentreer die hoofopskrif. (1)

2.4 Skuif die tweede paragraaf, 'Die brein ontvang seine van ... dienooreenkomstig reageer', om as die derde paragraaf te verskyn, soos aangedui is. (1)

2.5 Kleur die teks in die derde paragraaf, Die brein ontvang seine van ... dienooreenkomstig reageer', met kleur, Grys 25%, in (*highlight*). (1)

2.6 Voeg die nuwe teks is soos aangedui is. (7)

2.7 Voeg die genommerde lys en kolpunte in soos aangedui is. (2)

2.8 Formateer die subopskrif, 'Die menslike brein word in drie dele verdeel:' na bokas, vetdruk en onderstreep. (3)

2.9 Gebruik portretoriëntasie vir die dokument. (1)

2.10 Stoor die dokument as VRAAG 2 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.11 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsye en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Hoofopskrif: Lettertipe Broadway, grootte 18, gesentreer

2de Paragraaf: Skuif om as 3de paragraaf te verskyn. Ingekleurde teks (Grys-25%)

DIE MENSLIKE BREIN

Die menslike brein is die belangrikste orgaan in die senuweestelsel. Dit is in 'n mens se kop en word in die skedel beskerm.

Die brein ontvang seine van die buitewêreld en stuur boodskappe na die verskillende dele van die liggaam sodat dit dienooreenkomstig reageer.

Het jy al ooit gewonder waarom ons asemhaal sonder dat ons dit besef? Waarom ons die pad skool toe onthou sonder om daaraan te dink? Waarom ons oë knip sonder dat ons daaraan dink? Waar kom drome vandaan? Ons brein is in beheer van die koördinering van alle noodsaaklike funksies van ons liggaam en maak sin van alles wat rondom ons gebeur.

Subopskrif: Vetdruk, B/K, onderstreep

Die menslike brein word in drie dele verdeel:

1. Serebellum
   - ❖ Beheer balans, beweging en koördinasie.
2. Serebrum of korteks
   - ❖ Dit is die denkende deel van die brein.
   - ❖ Dit beheer 'n mens se willekeurige spiere en help ons om te redeneer.
3. Breinstam
   - ❖ Dit is die brein se beheersentrum.
   - ❖ Sorteer die miljoene boodskappe wat die brein en die res van die liggaam heen en weer stuur.

Voeg nuwe teks, genommerde lys en kolpunte in.

Voetskrif: Verander na VRAAG 2

EKSAMENNOMMER VRAAG 2

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: SIGBLAAIE

VRAAG 3 — 20 Minute

Gebruik Microsoft Excel en die inligting hier onder om 'n sigblad te skep.

3.1 Sleutel die sigblad akkuraat in soos aangedui is. MOENIE die ry- en kolomopskrifte (rame) insleutel nie. Dit is bloot ingesluit om aan te dui watter selle gebruik moet word. (6)

3.2 Sleutel jou EKSAMENNOMMER in ry 1 en VRAAG 3 in bokas in ry 2 in. (3)

3.3 Gebruik lettertipe Eras Medium ITC, grootte 12. (2)

3.4 Waar nodig, pas die kolombreedtes aan om te verseker dat al die inligting duidelik sigbaar is en op EEN A4-portretbladsy inpas. (2)

3.5 Stoor die sigblad as VRAAG 3 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.6 Druk die sigblad op EEN A4-portretbladsy SONDER ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[15]

	A	B	C	D	E
1	EKSAMENNOMMER		Eksamennommer: Ry 1	Lettertipe: Eras Medium ITC,	
2	VRAAG 3		VRAAG 3: Ry 2, B/K	grootte 12	
3					
4	ONTLEDING VAN DATA OOR MIDDELMISBRUIK				
5					
6	Provinsies	Distrik	Aantal Mans	Aantal Vrouens	Onbekende Gender
7					
8	Oos-Kaap	Chris Hani	36	60	
9		Buffalo	56	44	
10		O.R. Tambo	34	66	
11	Gauteng	Sedibeng	581	609	
12		Ekurhuleni	377	575	1281
13		Wes-Rand	201	179	
14		Noord-Rand	741	1202	

VRAAG 4 **30 Minute**

Maak die sigblad oop wat jy as VRAAG 3 gestoor het en bring die veranderinge aan soos hier onder aangedui is.

4.1 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na grootte 16, onderstreep. (2)

4.3 Skrap die kolom , 'Onbekende Gender', en AL die ooreenstemmende inligting. (1)

4.4 Voeg saam en sentreer die hoofopskrif oor selle A4 tot E4. (1)

4.5 Regsbelyn die teks in die 'Distrik'-kolom soos aangedui is. (1)

4.6 Skep 'n nuwe ry (ry 15) en voeg 'Limpopo' met al die ooreenstemmende inligting in. (2)

4.7 Voeg nuwe rye (GROOTTOTAAL en GEMIDDELD) en 'n nuwe kolom (Totale Gender) in soos aangedui is. (4)

4.8 Formateer die kolomopskrifte na vetdruk en kursief. (2)

4.9 Voeg formules in waar die alfabetletters verskyn om die volgende te bereken:

A Totale Gender = 'Aantal Mans' plus 'Aantal Vrouens' per Distrik. (1)

B GROOTTOTAAL = die som van die 'Aantal Mans', 'Aantal Vrouens' en 'Totale Gender'-kolomme. (3)

C GEMIDDELD = GROOTTOTAAL van die 'Aantal Mans' verdeel deur die aantal Distrikte. (1)

4.10 Vertoon ALLE syfers as heelgetalle sonder desimale plekke. (1)

4.11 Voeg horisontale en vertikale lyne is soos in die sigblad aangedui is. (1)

4.12 Waar nodig, pas die kolombreedtes aan om te verseker dat AL die inligting duidelik sigbaar is en op EEN A4-landskapbladsy inpas. (2)

4.13 Stoor die sigblad as VRAAG 4 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.14 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy SONDER ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[25]

Verander VRAAG 3 na VRAAG 4

Skrap die hele kolom

EKSAMENNOMMER
VRAAG 4

ONTLEDING VAN DATA OOR MIDDELMISBRUIK

Hoofopskrif:
Lettergrootte 16, onderstreep
Voeg saam en sentreer oor sel A4:E4

Voeg 'n nuwe kolom in

Kolomopskrifte:
Vetdruk, kursief

Provinsies	Distrik	Aantal Mans	Aantal Vrouens	Onbekende Gender	Totale Gender
Oos-Kaap	Chris Hani	36	60		A
	Buffalo	56	44		
	O.R. Tambo	34	66		
Gauteng	Sedibeng	581	609		
	Ekurhuleni	377	575	1281	
	Wes-Rand	201	179		
	Noord-Rand	741	1202		
Limpopo	Vembe	185	325		
GROOTTOTAAL		B			
GEMIDDELD		C			

Regsbelyn

Voeg nuwe rye in

Voeg formules in: A, B en C

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: POWERPOINT

VRAAG 5 **20 Minute**

5.1 Gebruik die inligting wat hier onder verskaf is om 'n MS PowerPoint-aanbieding te skep. (6)

5.2 SKYFIE 1: TITELSKYFIE (*TITLE SLIDE*) (1)

5.2.1 Gebruik lettertipe ALGERIAN, grootte 60, om die titel van die skyfie in te sleutel. (2)

5.2.2 Sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 5 as 'n subtitel in en redigeer die teks om kursief te verskyn. (1)

5.3 SKYFIE 2: TWEE-INHOUDSKYFIE (*TWO CONTENT SLIDE*) (1)

5.3.1 Sleutel die titel regsbelyn in soos aangedui is. (1)

5.3.2 Voeg die genommerde lys in die linkerkolom in en formateer die teks na vetdruk. (2)

5.3.3 Sleutel die teks in die regterkolom in soos aangedui is. Voeg kolpunte van jou keuse in en formateer die teks na kursief. (2)

5.4 SKYFIE 3: SLEGS-TITELSKYFIE (*TITLE ONLY SLIDE*) (1)

5.4.1 Sleutel die titel van die skyfie in soos aangedui is en onderstreep. (1)

5.5 Stoor die aanbieding as VRAAG 5 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.6 Druk die aanbieding as 'n UITDEELSTUK (HANDOUT) met DRIE skyfies op EEN A4-potretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

[20]

SKYFIE 1: TITELSKYFIE (*TITLE SLIDE*)



SKYFIE 2: TWEE-INHOUDSKYFIE (*TWO CONTENT SLIDE*)

Titel: Regsbelyn

ELKE HEMISFEER VAN DIE BREIN (LINKS EN REGS) BEVAT VIER LOBBE:

1. Frontale lob
2. Pariëtale lob
3. Oksipitale lob
4. Temporale lob

Linkerkolom: Voeg genommerde lys in, vetdruk

Regterkolom: Voeg kolpunte in, kursief

- Dit beheer ons vermoë om te redeneer, besluite te neem, inligting te organiseer en beheer motoriese funksies.
- Dit is betrokke by visuele aandag en word geassosieer met die verwerking van gevoelsinligting soos druk, aanraking en pyn.
- Dit beheer visie en interpreteer visuele stimuli en inligting.
- Dit beheer gehoor en hou verband met reuk, smaak en korttermyngeheue. Dit is ook belangrik vir die interpretasie van klanke en die taal wat ons hoor.

SKYFIE 3: SLEGS-TITELSKYFIE (*TITLE ONLY SLIDE*)

Titel: Onderstreep

Is Daar 'n Verband Tussen Die Brein en Die Liggaam, of Werk Ons Brein Alleen?

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou